

BEROEPENUUS—13 Apr. 2014 (geen nuwe nuus ontvang)**Beroepe ontvang**

Dr. JA Erasmus van Odendaalsrus na Louis Trichardt

Ds. G van Wyk van Pretoria-Brooklyn na Vanderbijlpark Trinitas

Beroepe bedank

Ds. JC van Dyk van Ventersdorp na Louis Trichardt

Ds. RA Bain van Cachet na Pietersburg-Noord

Die praktyk van ratifikasie – Art 31 KO (dr. GJ Meijer) (vervolg verlede week)

“Wat op ‘n kerklike vergadering met meerderheid van stemme besluit is, moet as vas en bindend beskou word tensy bewys word dat dit in stryd is met Gods Woord of die artikels van die Kerkorde”. Artikel 31 Kerkorde

Verdeling van die werk

Aan die hand van die indeling word die hele kerkraad in kommissies verdeel om die verskillende onderdele te bestudeer.

• Elke kommissie is verantwoordelik vir die bestudering van 'n spesifieke onderdeel wat aan hom toegewys is. As daar genoeg eksemplare van die acta beskikbaar is, kan kommissies tegelykertyd werk. Dit sal die proses van ratifisering aansienlik bespoedig. Dit staan 'n kommissie vry om gemeentede by die studie te betrek. Sodoende word die gemeente se nodige belangstelling vir die werk van die meerdere vergaderings geprikkel.

Die kommissie se taak is die volgende:

- Die punt(e) uit die acta wat met die oog op bestudering aan hom toegeken is, word in geheel gelees en kernagtig op skrif saamgevat.
- Die besluit wat die sinode met betrekking tot die saak geneem het, word woordeliks weergegee.
- Die aanloop tot die besluit asook die besluit self wat die sinode geneem het, word aan die Skrif, belydenis en kerkorde getoets om vas te stel of dit ten volle daarmee ooreenstem.
- Die kommissie stel sy bevindinge op skrif. • Die studieresultate dien by wyse van 'n skriftelike rapport as 'n aanbeveling op die kerkraad.
Die kerkraad hanteer dit soos volg:
- Die kerkraad neem indringend kennis van die sake waaroor die sinode besin het, soos wat dit kernagtig deur die kommissie weergegee is.
- Genoegsame ruimte word vir kerkraadslede geskep om aan die kommissie vrae te stel in geval iets uit die acta onduidelik is. Sodoende kom die hele kerkraad op hoogte van hoe die sinode oor 'n spesifieke saak besin het en wat hulle daarvoor besluit het. *Word vervolg*

Vandag – Clarice Foster 0823772108	24/04– Amanda Roets 0825860824
Vandag – Johan van den Berg 0833791431	24/04– Elria van der Linde 0832318779
Vandag – Jaco van Jaarsveld 847027628	25/04– Eugene Koole 0729291648
21/04– Dries Badenhorst 0826124244	25/04– Stoney Steenekamp 0734278319
23/04– Rita van Dyk 0834530969	<i>Mag u ryklik geseënd wees met goeie gesondheid, liefde en vreugde die hele jaar deur * 80 jaar en ouer</i>

Baie geluk met u verjaarsdag

Die enigste mens wat jy regtig rede het om te vrees is jouself
– CJ Langenhoven

Die Krugertjie

**Gereformeerde kerk Pretoria(d)****www.gkpretoria.org.za** OF**www.gk-pretoria.weebly.com**

Kerkkantoor Sr. Amanda Tromp

0123262290 (8h00-13h00 Weeksdag)

E-pos: kantoor@gkpretoria.org.za Faks:0123265287

Skriba:Oudl. Andries du Plessis 0123268154

Koster en attes-skriba: Oudl. Flip Minnaar

012- 3233194

Kassier: Oudl. Frik Eloff: 0825790745

Kerk bankbesonderhede: ABSA- 040340106

Voorsitter diakonie-Diak Henry Foster 0823772108

Orrelis: Sr. Hannetjie Bezuidenhout : 0837415173

18 & 20 April 2014**GOEIE VRYDAG**– (9h00)**Skriflesing:** Mattheus 21:33-46**Teks:** Mattheus 21:37-39**Sing:** Sb 8:1,4 (5-3:1,4) ; Ps. 118:10;

Ps. 118:11,13

HULLE SAL MY SEUN ONTSIEN?

Die verskrikkinge van goeie Vrydag vooruit in die gelykenis vertel

EERSTE EREDIENS–(9h00)**Skriflesing:** Mattheus 22:1-14**Teks:** Mattheus 22:5-6**Sing:** Sb 31:1,2 (7-1:1,2); Ps. 1:1;

Ps. 107:1,3; Ps. 45:1,9,16

BY DIE OPSTANDING INGELYF

Die opstanding is die mees heuglike gebeurtenis wat daar vir 'n gelowige kan wees wat daar nog ooit in die geskiedenis plaasgevind het.

KATKISASIE– Geen katkisasie tensy anders gereël

Katkisasie lesse vir Laerskool op internet beskikbaar by <http://bit.ly/JQjBz4>

TWEEDE EREDIENS (10h30)**Skriflesing:** Romeine 13:1-7;

Efesiërs 6:1-9; Kolossense 3:18-25

Kategismus: Sondag 39**Teks:** 1 Timotheus 1:17**Sing:** Ps. 2:3; Ps. 89:15; Ps. 2:6**GESAG KOM VAN GOD AF**

Daar is gewig wat gedra moet word.

Gesagsdraers moet as gewigdig gehou word, nie vanweë hulle persoon nie, maar vanweë die roeping, die gesag waarmee God hulle beklee het.

Preke vanuit verskillende Bybelboeke kan elektronies afgelaai word by <http://bit.ly/XmtQM2>

Eredienste in klank kan geluister word <http://bit.ly/Tettol>

Ds. Petrus is betrokke by 'n Psalm projek, om soveel as moontlik preke oor die Psalms uit te gee.

Bekend as Bruilofsliedere vir die Messias. Die preke oor die Psalms wat reeds beskikbaar is, kan

gelees word by <http://bit.ly/12P9mzH>

Predikant:

Ds. Petrus Venter
012- 3356130
0847042348 (P) 0845119620(C)
pjventer@gkpretoria.org.za
9 de Laan 880
Wonderboom-Suid
www.gk-pretoria.weebly.com

Diensbeurt: Goeie Vrydag (Vrywilligers?)**Diensbeurt(20/4)(Wylke 22,23)(sluit in susters skinkbeurt)**

Ouderlinge: Koos Venter

Diakens: Michiel Venter

Diensbeurt (27/4) (Wylke 24, 25)

Ouderlinge: Johan de Jonge en Willie J/v Rensburg

Diakens: Johan du Plooy en Marinus Lorist

DRA MEKAAR SE LASTE EN DEEL MEKAAR SE VREUGDES...

Ons meelewing aan **sr Magda du Plooy en hulle as gesin en familie** met die afsterwe van sr Magda se moeder. Sy het deur sware lyding moes gaan. Ons bid hulle die troos van die Heilige Gees toe. **Br Frikkie Knoesen** wie se suster in die Kaap oorlede is. Ons bid hom en sr Tina en hulle familie ook die troos van die Heilige Gees toe. **Br Adriaan Boersma** wat 'n groot operasie moes ondergaan word volle herstel toegebied. Ons bid dat hy volkome genees hierdeur mag gaan. **Sr Muriel Erasmus** wat ook weer terugslae in haar gesondheid gehad het word aan die genadetroon van die Here opgedra. **Br Dries de Ridder** bly in ons gebede in sy swaarkry en benoudheid. Ons broeder gaan deur baie swaar tye. **Sr Margaretha Coetzee** word volledige herstel toegebied na haar knievervanging operasie. **Sr Janet Riekert** wat geval en haar enkel op drie plekke gebreek het, word aan die genadetroon van die Here opgedra. Ons is dankbaar vir die operasie wat reeds kon plaasvind. Ons vertrou dat die tyd van genesing geseënd mag wees. Sy is tans op die stadium by haar dogter in Bloemfontein. **Ds. Andries Mulder** wat swaar dae deurgaen bid ons dat die Here hom naby sal wees. Ons dink ook aan sr Henta wat hom moet bystaan. **Sr Cora Kruger** bly ook in ons gebede na sy in haar hoë ouderdom groot terugslae gehad het. Haar liggaamskragte is min. **Sr Rina Aucamp** bid ons die Here se krag en genade toe. Sy gaan baie dae deur swaar beproewinge. Ons dink ook aan oom Louw en die kinders wat haar so getrou moet bystaan. **Br. Jurie Malan** wie se kragte min is en hy baie verswak het vra ons dat ons opnuut vir hom sal bid. **Sr Anna Eloff** is nog in Bly-Moedig –kliniek. Ons dink ook aan haar. **Sr Marie du Rand** vroeër van ons gemeente, nou in Gobabis moet baie dringend haar woonstel in Prestige park verhuur kry. 'n Baie ruim woonstel in die gesogte blok is beskikbaar teen R4500 per maand

GEMEENTE-KAMP

Ons wil graag almal se aandag vestig op die gemeentekamp wat DV hierdie jaar die naweek van 19-21 Sept. gehou sal word. Die nodige besonderhede is alles op die kennisgewingbord aangebring. Dit is belangrik dat ons vroegetydig die name inkry en die nodige bespreking maak. Die plek wat ons die jaar na wil gaan is pragtig maar daar is blykbaar beperkte plek. Ons is dankbaar vir br Boere wat weer vir ons die reëlings hierrondom in plek kry. Hy kan gekontak word by 0834823303

KOLLEKTE

Vandag (20/4); 1ste diens	DVB	Gerf. onderwys
2de diens	DVB	Intand-houding
27/04/2014 1ste diens	Paul Kruger kinderhuis	Intand-houding
2de diens	DVB	Intand-houding

DAGBOEK

DATUM	GEBEURTENIS
18/04	Goeie Vrydag (Ereediens 9h00)
22/04	Finans-Adviesvergd
24/04	Kerkraadsvergd
15/05	Oudl vergd
18/05	Voorbereiding
25/05	Nagmaal
29/05	Hemelvaart (Ereediens 18h30)

SUSTERS EN PAUL KRUGER - KINDERHUIS

Ons vra steeds vir onbederfbare produkte en blikkieskos vir die kinderhuis. Help aub hiermee deur in die karton-houers by kerk se ingang van hierdie produkte te plaas. Diegene wat getrou hiertoe bydrae word bedank. Daar het deur die jaar heelwat produkte op die manier hulle weg na die kinderhuis gevind. Ons vestig ook u aandag op die SMS-nommer. Tik die woord PKK en SMS dit na 41092. Met elke SMS maak u 'n R25-00 bydrae. Die susters bedank almal vir hulle donasies in susters se donasiekas by die teeskink....

DIE EVANGELIE: MATTHEÛS

Vervolg van verlede week

MATTHEÛS 14

14:9-11, treurig – Een Engelse vertaling lui: “And the king was sorry.” Saam met Markus se weergawe, is die betekenis meer van droefheid, as dat hy maar net jammer was. Tog bly ook staan dat hy 'n opstand gevrees het, en moontlik nog 'n bygelowige vrees gehad het omdat hy oortuig geraak het dat Johannes 'n profeet was.

Ter wille van die mense daar hou hy sy woord – ook 'n jammerlike swakheid. Dat nie gesê word dat iemand daar teengestribbel het nie, kan beteken dat hulle Johannes nie goedgesind was nie: As daar van die Griekse-gesinde Saduseërs was, sou hulle geweet het dat Johannes die Joodse leiers “addergeslag” genoem het en dat hy eintlik gesê het dat hulle nie waardige nageslag van Abraham was nie. Aan die ander kant sou die mense tien teen een ook te bang wees vir Herodus om iets daarvan te maak.

14:12, aan Jesus vertel – Johannes se volgelinge het reeds geweet van die herout se aankondiging dat Jesus die Lam is wat die sondes van die wêreld kom wegneem, en hulle was moontlik bewus van die familie-verwantskap tussen Jesus en Johannes. Hulle was ook al gestuur om te verneem of Jesus werklik die Koning is wat moes kom en sou Christus se antwoord aan Johannes gebring het (Mat 11:1-19).

14:13, in 'n skuit vertrek – Jesus getoon dat Hy na Sy mensheid hartseer en blydskap net soos ons belewe het. Waarskynlik sonder Hy Hom by die nuus van Johannes se dood af om, soos so dikwels, te gaan bid. Daar word gemeen dat Hy na die noord-ooste van die Meer van Galilea gegaan het, waar die eerste vermeerdering van brode dan sou plaasgevind het.

Die skare . . . gevolg – Na aanleiding van Joh 6:4 word gesê dat dit naby die Paasfees was, en dat daar baie mense op pad was na Jerusalem. Gevolglik was daar soveel mense wat na die Here gekom het (v 21).

14:14-21, Eerste vermeerdering van brode

14:14, toe Jesus uitgaan – Bedoel dat Hy sy afsondering, na die berig oor Johannes se dood, eindig. Mattheüs is die enigste wat noem dat Jesus by hierdie geleentheid ook genesing-swonders gedoen het.

14:15, aand – Nog nie donker nie, maar laatmid-dag. Daar was immers nog tyd om die mense te voed en dat hulle kon aangaan, waarheen ook al.

Die Dissipels meen dat dit sekerlik tyd is dat Jesus hulle laat huis toe gaan of in elk geval, dat hulle nog die winkels kan op vind vir kos.

14:16-18, gee julle vir hulle iets – Jesus lê op die Dissipels die plig om die mense te voed. Gesien die groot getal mense, moes die bevel vir hulle vreemd gewees het, daarom sê hulle as antwoord dat daar maar min is. Markus, Lukas en Johannes berig dat hulle gevra het of hulle kos moet gaan koop.

Bring dit hier – Wat Christus eintlik sê, is dat waar Hy is, daar nie tekort is nie. Waar Hy optree, is daar nie armoede nie. Ons weet egter dat ons gelei word om te verstaan dat die *geestelike brood* die belangrike is. Sy Dissipels moes in die geloof die kos na Hom bring.

14:19, en Hy neem – Jesus gebruik ál die kos wat hulle vir hulself gehad het. Weer word as't ware druk op hulle geloof geplaas.

Dank – Daar word vermoed dat die gebed wat gebruik is, een kon wees, waarvan die spore definitief in ongeveer die 2e eeu nC gevind is (maar vermoedelik is dit baie ouer): “Geseënd is U, Jahveh onse God, Koning van die wêreld, wat brood uit die aarde laat voortkom.” Dan word die gebruik van die Dissipels om uit te deel ook weer gesien as aanduiding van hoe die HERE mense as instrumente gebruik om Sy gewes uit te deel (veral die Woord, wat die brood van die lewe is).

14:20, twaalf mandjies vol – Dit spreek vanself dat hiermee aan ons geleer word hoe *oneindig* God kan gee. In Christus se almag gee Hy dat daar ver meer oorbly as waarmee begin is, en die groot skare was *versadig*. Hiermee het Jesus onderstreep wat Hy gesê het, toe Hy vermaan het dat ons nie oor-bekommerd moet wees oor wat ons sal eet, drink of aantrek nie. Ook hieruit moet ons verstaan dat die wat honger en dors na die geregtigheid, versadig sal word.

14:21, vyfduisend manne – Die ruimheid van Christus se gewes word getoon. As gevolg van die afstand vanaf die dorpe aan die weste en suide van die meer, kon daar dalk heelwat minder vroue en kinders wees as mans.

Word vervolg

HIERDIE MAAND/E IN DIE GESKIEDENIS-

1 Apr. 1873– Eerste uitgawe van die Maandbode, voorloper van Die Kerkblad; *3 Apr. 1860*– Pretoria word die hoofstad van Transvaal; *3 Apr. 1866*– Genl. JBM Hertzog gebore; *3 Apr. 2010*– Eugene Terre'Blanche vermoor; *6 Apr. 1652*– Jan van Riebeeck anker in Tafelbaai; *6 Apr. 1654*– Van Riebeeck gelofte word afgelê; *7 Apr. 1948*– Hugenotemonument word ingewy; *9 Apr. 1678*– Die hoeksteen van die eerste kerk in Kaapstad gelê; *11 Apr. 1858*– Ds. Dirk Postma se afskeid in Kampen; *12 Apr. 1877*– Transvaal word die eerste keer geannekseer; *13 Apr. 1838*– Louis Trichardt kom in Delagoabaai aan; *20 Apr. 1820*– Port Elizabeth word aangelê; *22 Apr. 1858*– Ds. Dirk Postma vertrek met die Estafette uit die hawe Nieuwe Diep na Suid-Afrika; *23 Apr. 1928*– Doc Immelman gebore; *25 Apr. 1901*– Carel Trichardt oorlede; *29 Apr. 1875*– Tweede trek na Damaraland ;